

15 Januarie 2014

**Skrifgedeelte: Romeine 4:18-25**  
**Fokusgedeelte: Romeine 4:20**

### **Geloof eer God**

Eergister en gister het ons nagedink oor hoe mense nie aan God die eer gee nie – deur mensverheerliking (13 Januarie) en redenasies/afgodery (14 Januarie). Vandag dink ons na oor hoe om wél aan God die eer te gee – deur in Hom te glo.

Ons kyk na Abraham, een van Hebreërs 11 se portrette van gelowiges uit die Ou-Testamentiese tyd. Al was hy al sowat 100 jaar oud en sy vrou Saraï onvrugbaar, het God hulle 'n seun belowe. Al het hy op aanbeveling van Saraï uit sy slavin Hagar vir Ismael verwek (Gen. 16:1, 2, 11), al het hy heimlik gelag toe God sy belofte herhaal, het God hom deur die instelling van die besnydenis versterk (Gen. 17)

Vandag se fokusgedeelte (vs 20) beskryf Abraham se geloof só: hy het *nie getwyfel* aan God se belofte nie, en God het hom in sy geloof *versterk* en hy het aan God die *eer* gegee. Drie aspekte van ware geloof dinamies inmeekaargeweef, nie noodwendig in volgorde nie: twyfel-versterking-eer van God. En let wel: al drie gaan oor Gód – dit is sy belofte, dit is Hý wat geloof versterk, dit is Hý wat geëer word!

Geloof is van begin tot end Gód se daad in 'n sondaarshart, die werk van sy Heilige Gees. Geloof kan nie sonder God bly bestaan nie. Hy is sowel die Voorwerp as Onderwerp daarvan. Daarom gee ware geloof altyd aan God die eer.

Sing: Psalm 105:1, 5 (1936)

Ds J Botha (Emeritus, Laeveld)